
# Die Hoogfees van Allersiele

# 2 November

Vandag nooi die Kerk ons uit om vir ons oorledenes te bid en die Heilige Mis vir hulle op te dra. Ons glo dat hulle hulself in God se hand bevind, maar ons weet ook dat hulle dalk in 'n toestand van suiwering verkeer (dit wat ons die Vaevuur noem), soos hulle gereed gemaak word om die hemel binne te gaan. Dit is ons plig om vir hulle te bid, dat almal wat hul aardse lewe hoopvol op God gebou het, nou ook sy barmhartigheid sal ervaar. Jesus Christus openbaar aan ons dat die dood, wat vir ons soos 'n eindpunt lyk, inderdaad 'n oorgang is. Deur sy Opstanding laat Christus lewe uit die dood ontstaan. Elke Eucharistieviering bied ons geestelike padkos vir ons lewensweg en versterk ons op ons reis deur dié sterflike lewe na ons ewige toekoms.



#afrikaanskatoliek